

BCom Finansiële Beplanning (NKR-vlak 7 ■ 370 krediete ■ SAQA ID 99642)

Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia gebruik nuwe tegnologie vir die optimale ondersteuning van ons studente. Akademia rus mense toe om meer mededingend in die arbeidsmark te wees.

Die program

Die BCom-graad in Finansiële Beplanning bemagtig die student om die beginsels van ekonomie, beleggingsbestuur en finansiële beplanning te verstaan en om dié beginsels in die praktyk toe te pas. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in beginsels en praktyk van ekonomie, finansiële bestuur, finansiële rekeningkunde, verskillende aspekte van sake- en beleggingsbestuur en verwante dissiplines. Die student word ook voorberei vir verdere studies in ekonomie of finansiële bestuur.

Vir wie is hierdie program?

Hierdie program is vir persone wat 'n stewige fondament op grond van bestuursaspekte wil bou om sodoende 'n suksesvolle loopbaan in die sake-wêreld te volg, asook hul eie sakeonderneming wil oprig.

Toelatingsvereistes

'n Nasionale Seniorsertifikaat gesertifiseer deur Umalusi met:

- Minstens 40% in die onderrigtaal van Akademia
- Verpligtend: Wiskunde – 60% en Rekeningkunde 50% (Graad 12-skoolvlak)
- Minstens 'n 4 (50-59%) in elk van vier erkende NSS 20-kredietvakke (waarvan ten minste een Engels of Afrikaans moet wees) uit die lys van aangewese hoërondewystoelatingsvakke behaal
- OF 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) vlak 4 gesertifiseer deur Umalusi met: Ten minste 60% in 3 fundamentele vakke waarvan die onderrigtaal van die instansie een is EN ten minste 70% in die 3 verpligte beroepsgerigte vakke uit die lys van aangewese vakke
- OF 'n Hoër Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Gevorderde Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Diploma in 'n ooreenstemmende studieveld EN toepaslike skoolvakke

Vakke

Eerste jaar

- Ekonomie 1 (GAE105)
- Finansiële en Beleggingsbeplanning (GFP105)
- Bedryfsetiek (GBE105)
- Elementêre Kwantitatiewe Metodes (GQM105)
- Finansiële Rekeningkunde 1 (GAF105)
- Ondernemingsbestuur (GBM105)

Tweede jaar

- Ekonomie 2 (GAE206)
- Finansiële Beplanning 2 (GFP206)

- Belasting (GET206)
- Beleggingsbestuur 2 (GAM206)
- Finansiële Rekeningkunde 2 (GAF206)

Derde jaar

- Ekonomie 3 (GAE307)
- Finansiële Beplanning 3 (GFP307)
- Beleggingsbestuur 3 (GAM307)
- Belastingbeplanning (GTP307)
- Geïntegreerde Finansiële Beplanning (GIF307)

Assessering

Formatiewe assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 2 werkopdragte per vak – die gemiddeld van die 2 werkopdragte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse per vak – die beste 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)

Daar word 'n finale eksamen per vak aan die einde van die jaar geskryf.

Kontakssessies (na-ure)

Kontakssessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en dit word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike Datums-dokument vir 2018 vervat. Eerstejaarstudente moet 11 kontakssessies by die studiesentrums bywoon. Tweedejaarstudente moet 8 kontakssessies by die studiesentrum bywoon en moet ook 3 e-leer-tutoriale op die studentestelsel (die Spens) voltooi. Derdejaarstudente moet 6 kontakssessies by die studiesentrum bywoon en moet ook 5 e-leer-tutoriale op die studentestelsel (die Spens) voltooi. Die deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Tydskuur van program

Die program kan in 'n minimum van 3 jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is 7 jaar.

Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n BCom-graad in Finansiële Beplanning wat tydens 'n formele gradeplegtigheid oorhandig sal word.

Kontakbesonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za